# PAARL-SKOOL



# KOSHUISPROSPEKTUS

## 1. INLEIDING

Dit is vir ons aangenaam om u seun/dogter by ons koshuis te verwelkom. Ons vertrou dat sy/haar verblyf aangenaam en voorspoedig sal wees en dat daar eendag met mooi herinneringe na sy/haar koshuisjare teruggekyk kan word.

Om verwarring en misverstande uit te skakel, versoek ons vriendelik dat u die inhoud van hierdie inligtingstuk baie deeglik sal bestudeer en bewaar vir terugverwysing. U is meer as welkom om navraag te doen indien iets vir u onduidelik is.

## 2 INDELING EN TOESIG

Paarl-skool beskik oor ‘n koshuis met afdelings vir seuns en dogters. Die koshuis staan onder beheer van ‘n superintendent wat saam met die opvoeders en huishoudingspersoneel verantwoordelik is vir die gladde funksionering daarvan.

## 3 LEERDERS OP BUSROETES: TOELATING

Leerders wat ver woon en nie op ‘n busroete is nie, kwalifiseer om tot die koshuis toegelaat te word. In uitsonderlike gevalle kan leerders wat wel op ‘n busroete is, ook toegelaat word, op voorwaarde dat hulle vir eersgenoemde leerders moet plek maak indien omstandighede dit vereis.

## 4 WASGOED

Leerders se klere word daagliks in die koshuis se waskamer gewas. Elke leerder ontvang ‘n wasgoedsak en is verantwoordelik om sy of haar wasgoed elke dag daarin te gooi. Dit is baie belangrik dat koshuisleerders se klere **duidelik gemerk** is met die nommer wat deur die koshuis voorsien sal word.

## 5 MAALTYE

Drie gebalanseerde maaltye word daagliks voorsien in ‘n gemeenskaplike eetsaal. Leerders ontvang toebroodjies met eerste pouse.

## 6 STUDIE

Leerders word volgens hul grade in studiegroepe ingedeel en gaan na verskillende lokale waar personeellede hulle met tuiswerk bystaan. Leerders vanaf graad 5 en ouer studeer ook saans vir ‘n addisionele uur.

Studietye: 14:15 – 15:15
19:00 – 20:00 (gr 5 en ouer)

## 7 ONTSPANNING

Daar is 2 ontspanningskamers met ‘n televisiestel en DVD-masjien waar daar na goedgekeurde programme gekyk kan word. In die ontspanningskamers kan koshuisgangers ook deelneem aan bordspele, na musiek luister, lees, vryspel met speelgoed, ens. Gedurende die somermaande word daar middae heerlik in die skool se swembad baljaar. Verder streef ons daarna om al ons leerders bloot te stel aan fisiese aktiwiteite soos stap en balspeletjies, bv sokker en krieket. Fisies-gestremde leerders word sommige middae onder toesig fisioterapie studente blootgestel aan ‘n program wat fisiese aktiwiteite bevat.

## 8 ALGEMENE INLIGTING VIR NUWE KOHUISLEERDERS

### 8.1 Personeel

Koshuishoof: Mnr S. Kruger
Superintendent: Me R. van Dijk
Onderwysers: Me R. Barnard
Mnr T. Koch
Mnr H. van der Merwe
Me A. Norman
Me L. de Necker

Senior toesighouer:Me M. Flint

### 8.2 Telefoonnommers

Paarl-skool: 021 - 981 5555
Superintendent: 083 892 6284

### 8.3 Koshuisfooi

Vir inligting skakel die finansiële kantoor. Betaling van koshuisfooie word versprei oor ‘n periode van 10 maande.

Koshuisfooie is streng vooruitbetaalbaar en indien daar nie by hierdie reëling gehou word nie, sal sodanige leerder ongelukkig die voorreg tot koshuisinwoning verbeur.

Sou enige probleme ondervind word om die koshuisfooi te betaal, is die ouer welkom om dit skriftelik onder aandag van die skoolhoof te bring of ‘n afspraak met hom te maak.

8.4 Naweke

Alle koshuisleerders MOET Vrydae teen 17:00 afgehaal word en Sondae nie vroeër as 17:00 teruggebring word nie. Dit beteken dat toegang tot die hek by die koshuis verkry kan word tussen 13:45 en 17:00 op ‘n Vrydag en 17:00-20:00 op ‘n Sondag deur die klokkie by die hek te druk (indien die hek nie reeds oop is nie).

Indien werksverpligtinge u nie toelaat om by hierdie tye te hou nie, is dit u verantwoordelikheid om vroegtydig alternatiewe vervoerreëlings te tref. ‘n Boete van R20 per uur (of deel daarvan) word gehef wanneer ŉ kind na 17:00 op ŉ Vrydag kom haal word. U samewerking in die verband word hoog op prys gestel.

Leerders moet reeds fisies versorg (gebad, hare gewas en gevleg asook naels skoon en geknip) wees wanneer hulle Sondagaande of Maandagoggende terugkeer koshuis toe.

8.5 Besoeke gedurende week

Indien u gedurende die week u kind wil besoek, moet u asb die superintendent vroegtydig hiervan in kennis stel sodat die nodige reëlings getref kan word.

8.6 Leerderbesonderhede

Voltooi die lys van besonderhede aangaande ouers en leerlinge en handig by die superintendent in.

8.7 Afhaal van leerders

Voltooi die lys van persone wat u kind op ŉ Vrydag mag kom haal en handig dit by die superintendent in. (Indien ‘n persoon se naam nie op die lys verskyn nie, moet u telefonies toestemming gee.)

**Geen leerder sal toegelaat word om tydens die skoolweek die koshuis te verlaat nie, tensy die ouer met die superintendent of skoolhoof ‘n reëling getref het.**

8.8 Merk van klere

Sorg dat alle klere gemerk is. Gebruik asseblief die nommers wat verskaf word. Merkpenne en strokies wat vasgestryk word is nie geskik vir sokkies nie. Die nommers moet vasgewerk word op sokkies.

8.9 Sakgeld

Handig sakgeld vir die snoepie, klasuitstappies, koekverkopings ens. asseblief in by die onderwyser aan diens (junior leerders). Dit sal deur die verantwoordelike onderwyser bestuur word.

8.10 Snoepery

Handig by die huismoeder in (junior leerders). Moenie te veel lekkernye (soetgoed) saamstuur nie. Ons moet saam met u ons leerders (veral die fisies gestremdes) se gewig deurlopend monitor.

8.11 Medikasie

Handig in by die toesighouer. Alle medikasie moet in hulle oorspronklike houertjie of verpakking ingegee word. Indien dit nie beskikbaar is nie, moet aanwysings duidelik op medikasie aangedui word. Indien medikasie aangepas word, moet dit deurgegee word aan die skool en koshuis!

8.12 Beddegoed

Leerders is verantwoordelik om hul eie duvet, kombers, kussing en sloop te bring. Indien daar ‘n probleem is kan die koshuis dit voorsien.

8.13 Toiletbenodighede

Waslap, handdoek, tandeborsel, tandepasta, sjampoe, deoderant (verkieslik roll-on) seep en ‘n borsel en/of kam is verpligte noodsaaklikhede. Die koshuis kan dit nie voorsien nie.

8.14 Klere

Elke leerder moet genoeg gemaklike klere hê, asook ŉ swembroek, nagklere en pantoffels of iets soortgelyks om ná badtyd aan te trek.

8.15 Selfoon

Mag slegs tussen 15:30 en 19:00 gebruik word en **nie** in die skool, gedurende studie, in die eetsaal of in slaaptyd nie. **Die koshuis neem geen verantwoordelikheid vir die breek of wegraak van selfone nie.**

8.16 Speelgoed

Moet liefs nie speelgoed saamstuur nie, aangesien koshuispersoneel nie verantwoordelikheid daarvoor kan aanvaar nie.

8.17 Belangrike tye

| | | |
|---|---|---|
| Opstaan | : | 06:30 |
| Inspeksie | : | 07:00 |
| Ontbyt | : | 07:05 |
| Middagete | : | tweede pouse |
| Gestremdes badtyd | : | 14:00 – 15:00 |
| Studietyd | : | 14:15 – 15:15 (alle leerders) en 19:00 – 20:00 (senior leerders) |
| Ontspanningstyd | : | 15:30 – 16:45 en 17:30 – 20:00 (junior leerders) |
| | | 15:30 – 16:45, 17:30 – 19:00 en 20:00 – 20:50 (senior leerders) |
| Aandete | : | 17:00 |
| Badtyd | : | 19:00 (junior leerders) |
| Badtyd | : | 20:30 (senior leerders) |
| Slaaptyd | : | 20:00 (junior leerders) |
| | | 21:00 (senior leerders) |
| Godsdiens**/stiltetyd** | : | 20:50 (senior leerders) |

8.18 Slotte

Leerders moet slotte vir hul klerekaste hê (verkieslik die kombinasie tipe aangesien sleutels te maklik verlore raak). Handig asseblief die duplikaat sleutels by die superintendent in.